Geopende Deure

# WÊRELDWAAR-NEMINGSLYS 2025




## Top 50 Gebeds-Kalender

Bid saam met vervolgde Christene wat dit waag om Jesus te deel

©Unsplash

# WÊRELDWAARNEMINGSLYS 2025



## MEER OOR DIE LYS

Die Wêreldwaarnemingslys word deur Geopende Deure se ontleders saamgestel, wat werklike data van kundiges op grondvlak in 150 lande gebruik. Vervolging word in elke land aangeteken deur 'n puntestelsel te gebruik wat die geweld en druk naspeur. Dit meet die hoeveelheid en erns van gewelddadige voorvalle teen Christene, asook die mate van druk wat toegepas word teen die beoefening van hul geloof op vyf vlakke van die lewe.

**Geweld** **Privaat** **Familie** **Gemeenskap** **Nasionale** **Kerk**



Die maksimum punte vir elke afdeling is 16,7 met 'n totale maksimum telling uit 100 wanneer dit gekombineer word. Elke land se rang hang af van sy totale telling uit 100, wat die intensiteit van vervolging aandui.

## VLAKKE VAN VERVOLGING

**HOOG**
41-60 punte

**BAIE HOOG**
61-80 punte

**UITERMATIG**
81-100 punte

Elke land op die lys het baie hoë of uitermatige vlakke van vervolging, wat aandui hoe erg die vervolging teen Christene is.



## WILI JY MEER UITVIND?

Besoek **opendoors.org.za** vir profiele van al die WWL-lande, met verdere getuienisse, gebedspunte, vervolgingstendense en maniere hoe jy betrokke kan raak.

## LANDE MET UITERMATIGE VERVOLGING

### 1 Noord-Korea

Dit is al 70 jaar vandat die Kim-dinastie begin het en gelowiges se omstandighede lyk slegter as ooit tevore. Bid dat God vir die Noord-Koreaanse Christene sy lig in die donker sal wys.

### 2 Somalië

Somalië kan ŉ baie gevaarlike plek wees om Jesus te volg. Vra God om sy mense te beskerm en hulle hoop te gee, al lyk dit asof daar geen hoop is nie.

### 3 Jemen

Dit lyk asof die geweld in Jemen nooit gaan ophou nie. Bid dat God vrede en geregtigheid in Jemen sal bring en dat sy mense se hulpkrete gehoor sal word.

### 4 Libië

Christen-trekarbeiders in Libië loop die gevaar van ekstremistiese aanvalle. Vra God om hierdie gelowiges te beskerm, veral in die dele waar wetgewing nie regtig toegepas word nie.

### 5 Soedan

Vra God om by die gelowiges in Soedan te wees wat deur die geweld ontwortel is. Bid dat Hy hul noodroep sal hoor en aan hulle uitkoms sal gee.

### 6 Eritrea

Verlede jaar was daar weer ŉ massa-arrestasie van Christene. Bid dat hierdie gelowiges – en ander soos hulle – bevry sal word. Bid dat God vir hul kinders, wat grootword sonder om hul ouers te ken, sal sorg.

### 7 Nigerië

Nigerië is weereens een van die gewelddadigste plekke in die wêreld vir Christene. Bid vir diegene wie se geliefdes weens die geweld doodgemaak of ontvoer is.

### 8 Pakistan

Christene in Pakistan weet dat hulle tweedeklasburgers is, met baie van hulle wat werk doen wat nie vir Moslems geskik geag word nie. Bid dat hulle vreugde in hul daaglikse lewens sal vind.

### 9 Iran

Bid vir die geheime kerke, dat God hierdie netwerke van ondergrondse gelowiges sal beskerm en aan hulle ŉ gees van wysheid en dapperheid sal gee.

### 10 Afganistan

Bid dat God, te midde van die Taliban se brutale regime, hul harte sal aanraak en hulle sal verander. Bid dat hulle die waarheid van Jesus se liefde en hoop sal sien. Bid dat mense in die tronk beskerm en vrygelaat sal word.

### 11 Indië

Bid dat kerkleiers wat onder wette teen bekering valslik beskuldig word, nie aangeval of gevange geneem sal word nie.

### 12 Saoedi-Arabië

Daar is geen wettige kerke in Saoedi-Arabië nie (behalwe

in sommige gebiede waar daar nie Saoediërs bly nie). Bid dat die gelowiges hier ŉ geleentheid sal kry om ŉ plek van aanbidding te vind en dat hulle in hul kennis van die Here sal groei.

**13 Mianmar**
Die 2021-staatsgreep in Mianmar hou steeds langtermyngevolge vir Christene in. Kerke is verwoes en kerkleiers is in 2024 geteiken en aangehou. Vra dat God by sy mense sal wees.

## LANDE MET BAIE HOË VERVOLGING

**14 Mali**
In Mali is daar baie aktiewe ekstremistiese groepe, insluitende groepe wat met Al Qaeda en die Islamitiese Staat geaffilieer is. Bid dat God die gelowiges wat deur hierdie groepe geteiken en gewelddadig aangeval word, sal beskerm.

**15 China**
Dit wil voorkom asof Chinese Christene jaarliks al meer onder druk geplaas word. Bid dat die gelowiges geloofsgroei sal ervaar, selfs te midde van groeiende vervolging.

**16 Maledive**
Die Maledive word deur die meeste mense as ŉ vakansieparadys gesien. Dit is egter baie moeilik vir mense daar om Jesus te volg. Bid dat mense se oë wêreldwyd geopen sal word vir die situasie wat Christene in die Maledive in die gesig staar.

**17 Irak**
Christene is nou eers, tien jaar nadat ISIS dele van noordelike Irak oorgeneem het, besig om stadig terug te keer huis toe. Bid vir hulle in die herbou- en herstelproses.

**18 Sirië**
Om Jesus in Sirië te volg, beteken om meer as ŉ dekade van byna konstante uitdagings die hoof te bied – Islamitiese ekstremisme, oorlog, natuurlike rampe en voortdurende ekonomiese spanning. Bid dat God sy vrede aan hulle sal gee.

**19 Algerië**
Omtrent elke Protestantse kerk in Algerië is alreeds gedwing om toe te maak of sal binnekort toegemaak moet word. Bid dat God sal toelaat dat hierdie plekke van aanbidding oop mag bly. Bid dat gelowiges van kerke wat reeds toegemaak het, ŉ Christen-geloofsgemeenskap sal vind.

**20 Burkina Faso**
Die geweld in Burkina Faso het tot ŉ massiewe ontwortelingskrisis gelei. Bid vir gelowiges wat weens hul geloof ontwortel is. Bid dat God vir hulle hoop sal gee en hulle sal genees.

**21 Marokko**
Bid vir Islam-bekeerlinge wat deur hul families en gemeenskappe onder druk geplaas of selfs aangeval word. Bid dat hulle hoop



en vrede sal vind.

**22 Laos**
Bid dat die Here Christene wat bymekaar kom terwyl hulle deur die kommunistiese owerheid dopgehou word, sal beskerm.

**23 Mauritanië**
Plaaslike Christene in Mauritanië word nie toegelaat om openlik kerk toe te gaan nie. Bid dat dié gelowiges ŉ plek sal vind waar hulle saam met ander Christene in hul geloof kan groei.

**24 Bangladesj**
Die opstande en toename in wetteloosheid verlede jaar het daartoe gelei dat baie gelowiges aangeval is. Vra dat God aan hierdie gelowiges genesing sal skenk, elke Christen sal beskerm en aan hulle die krag sal gee om vas te staan in hul geloof.

**25 Oesbekistan**
Christene en kerke word steeds deur die regering geteiken om misbruik te word. Vra dat God by hulle sal wees en hulle sal help om, ten spyte van die voortdurende frustrasie, te volhard.

**26 Kuba**
Bid vir Kubaanse kerkleiers wat deur die owerhede dopgehou en mishandel kan word. Vra dat God aan hulle krag en wysheid sal gee.

27 Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR)

Die gevolg van die politieke onrus in die SAR is ŉ omgewing waar Christene deur ekstremiste geteiken kan word. Bid dat God sy mense veilig sal hou.

**28 Niger**
Niger moet voortdurend politieke onstabiliteit en dreigemente van Islamitiese militante beveg. Bid dat God te midde van die chaos orde sal bring en dat Hy sal verhoed dat radikale groepe mag of gebiedsvoordeel verkry.

**29 Turkmenistan**
Vra dat God maniere sal wys waarop sy Woord en ander Christelike materiaal

by gelowiges, wat honger is vir die Skrif, sal uitkom.

**30 Nicaragua**
Nicaragua se outoritêre regering gaan voort om enige waarneembare kritici teen sy heerskappy te teiken. Bid vir God se beskerming oor die dapper kerkleiers wat hulself teen die gebeure uitspreek.

**31 Mexiko**
Bendes en kartelle beheer gedeeltes van Mexiko. Hierdie groepe teiken dikwels Christene, veral kerkleiers. Bid dat God sy mense wat in hierdie gebiede bly, sal beskerm.

**32 Oman**
Kerke in Oman mag amptelik slegs deur nie-Omaanse burgers bygewoon word. Wanneer Omaanse burgers wel ŉ kerk vorm, is daar altyd ŉ moontlikheid dat hulle ontdek en onderdruk kan word. Bid dat God hierdie geloofsgemeenskappe sal beskerm.

**33 Ethiopië**
Bid vir gelowiges wat in die onstabiele streke van Ethiopië bly, waar hulle geteiken kan word omdat hulle Jesus volg. Vra dat God hulle sal beskerm.

**34 Tunisië**
Vra God om Tunisiese Christene – wat nie toegelaat word om openlik te aanbid nie – te help om Christen-gemeenskappe te vind wat hulle kan help om in hul geloof te groei.

**35 Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK)**
Baie Christene in die DRK het alles verloor en is gedwing om te vlug. Bid dat hierdie ontwortelde volgelinge van Jesus stabiliteit en hoop sal vind.

**36 Bhoetan**
Christene in Bhoetan word burgerskap en ander burgerlike regte geweier. Bid dat hierdie gelowiges hul waarde en identiteit in Hom sal vind.

**37 Mosambiek**
Alhoewel daar aan die inwoners van die noordelike dele van Mosambiek gesê is dat hulle kan terugkeer huis toe, is die gebied nog steeds onstabiel en kwesbaar vir aanvalle deur ekstremistiese groepe – insluitende dié wat bande het met die Islamitiese Staat. Bid vir hierdie gelowiges se veiligheid.

**38 Kasakstan**
Bid vir Christene wat met hofsake geteiken word omdat hulle Kasakstan se godsdienstige wette oortree het. Bid dat God die kerke teen die misbruik van hierdie regulasies sal beskerm.

**39 Tadjikistan**
Christene wat in huiskerke ontmoet, kan deur die owerhede dopgehou word en kan klopjagte deur die regering in die gesig staar. Bid dat hierdie gelowiges saam sal kan aanbid sonder om bang te wees.

**40 Egipte**
Bid vir Christene wat weens hul geloof diskriminasie en mishandeling ervaar. Bid dat God vir hulle sal sorg.

**41 Katar**
Bid vir die plaaslike bekeerlinge in Katar, waarvan baie geheime Christene is. Vra dat God hul geloof sal beskerm en hulle sal help om ander gelowiges te ontmoet.

**42 Comore**
Vra dat God mense se harte en die landswette sal verander sodat mense in die Comore-eilande toegelaat sal word om Jesus wettig te volg, selfs al was hulle voorheen Moslems.

**43 Kameroen**
Baie Christene in die verre noordelike gedeeltes van Kameroen is al herhaaldelik aangeval. Bid dat God op ŉ kragtige manier by hierdie gelowiges in hul seerkry sal wees.

**44 Viëtnam**
Bid vir die Christene wat in afgeleë gebiede bly wat onderdruk, mishandel en selfs aangeval word weens hul geloof. Vra dat God by hulle sal wees en aan hulle genesing sal gee.

**45 Turkye**
Daar is mense in Turkye wat probeer om die Turkse identiteit aan Islam te koppel. Bid dat daar ŉ openheid sal wees om mense van alle gelowe as ware Turke te aanvaar.

**46 Colombië**
Bid vir die Christene wat in gebiede bly wat deur kartelle beheer word. Bid vir hulle vir veiligheid en wysheid.

**47 Kirgistan**
Bid vir alle vervolgde Christene. Geopende Deure neem ŉ toename in insidente van vervolging waar. Sommige gelowiges moet uit hul dorpe en huise vlug. Bid vir hul geloof en veiligheid.

**48 Broenei**
Bid vir die gelowiges wat beperkte toegang tot Bybels het. Bid dat hulle God se Woord vrylik sal kan lees en bestudeer.

**49 Tsjad**
Op papier verseker Tsjad geloofsvryheid, maar in die praktyk beleef Christene, spesifiek bekeerlinge vanuit ander gelowe, aansienlike druk. Bid dat God sal aanhou om hul geloof te versterk en hulle in Hom gegrond sal hou, ten spyte van die uitdagings wat hulle in die gesig staar.

**50 Jordanië**
Dank God dat baie Christene in Jordanië Hom vrylik kan aanbid. Bid dat die Here hul aanbidding as ŉ teken van lig en hoop vir die hele gebied sal gebruik.

# WANNEER GELOWIGES DIT WAAG...

In die donkerste plekke waag Christene soos Joo Min hul lewens om Jesus met ander te deel. Sal jy saam met hulle staan?



**Hou aan om saam met ons te bid deur IN TE TEKEN om kommunikasie van ons te ontvang:**

Geopende *Deure*

Geopende Deure Suider-Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

**VOLG ONS OP:**

**www.opendoors.org.za**

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129